RAADSBELEID

ONDERWERP : VOORSIENING VAN PARKERING BY HERSONERINGS VIR SAKEDOELEINDES AANLIGGEND TOT DIE SENTRALE SAKEKERN

VERWYSING : 15.1.6

BESLUIT NR : 22.17/01/2003 DATUM : 27 Januarie 2003

BELEIDSOOGMERK : Om parkering by nuwe aansoeke om hersonering vir sakepersele voor te skryf.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Om te verseker dat voeldoende parkering by nuut gesoneerde sakepersele voorsien word.

RIGLYNE
Ten einde voorsiening te maak vir voldoende parkering by sake ondernemings, die volgende parkeervereistes by alle toekomstige hersonerings van eiendomme aanliggend tot die sakekern vir sakedoeleindes, van toepassing sal wees:

1. Dat ten minste een (1) parkeerplek vir elke 25m² van die totale vloeroppervlakte van die gebou (die deel wat vir woondoeleindes benut word, uitgesluit) voorsien sal word.

2. Dat ‘n groter parkeervereiste as voorgenoemde deur die Raad opgelê mag word in ‘n bepaalde geval waar dit die Raad se oortuiging is dat die spesifieke tipe ontwikkeling so ‘n groter vereiste regverdig.

3. Dat addisioneel hiertoe, een (1) parkeerplek voorsien moet word vir elke twee (2) slaapkamers indie geval van hotelle en woongeboue. Voorts moet daar ook in die volgende gevalle besoekersparkering verskaf word bo en behalwe dit wat reeds vereis is en wèl op die volgende grondslag:

3.1 Een (1) parkeerplek vir elke vier (4) wooneenhede.

3.2 Een (1) parkeerplek vir elke vyf (5) slaapkamers in die geval van woongeboue.

3.3 Twintig (20) parkeerplekke in die geval van gelisensieerde hotelle.

4. Dat as ‘n alternatief vir op-perseel parkering, die eienaar, met die toestemming van die Raad, as die Raad van mening is dat dit uit ‘n beplanningsoogpunt onwenslik of ondoenlik is om die vereiste parkeergeriewe op die terrein te verskaf, die voorgeskrewe grondoppervlakte vir die parkeergeriewe elders op ‘n plek wat die Raad goedkeur kan aanskaf, met dien verstande dat hy ‘n notariële akte teen sodanige grond laat registreer, met dien effek dat die Raad en die publiek vrye toegang daartoe het vir parkeerdoeleindes en die eienaar verplig is om hierdie grond gelyk te maak en van ‘n permanente oppervlakte, stormwater, randstene en

merke te voorsien en dit tot genoeë van die Raad in stand te hou; die registrasiekoste van die parkeerserwituut word deur die eienaar self betaal.

5. Dat hierdie parkeervereistes voorrang bo enige aanspraak op ‘n 100% dekkingsoppervlakte by sake ondernemings, soos bepaal in die Raad se skemaregulasies, sal geniet.

PROSEDURE

1. Alle aansoeke om hersonerings na sakegebruike sal volgens die voorskrifte van die Noord-Kaapse Wet op Ontwikkeling en Beplanning, 1998 (Wet 7 van 1998), vir oorweging by die Raad ingedien word.

2. Tydens die beoordeling van hierdie aansoeke om hersonering sal die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer toesien dat die nodige vereistes ten opsigte van parkering as deel van die hersoneringsvoorwaardes gestel word.

ROLLE

Die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer.

VERWANTE BELEID

1 Die Raad se goedgekeurde skemaregulasies

2. Die Noord-Kaapse Wet op Ontwikkeling en Beplanning, 1998 (Wet 7 van 1998)

HERROEPING EN WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.